higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

(11011042)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur AL die kandidate beantwoord word.
3. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 'n Individu wat 'n nuwe onderneming begin.

1.2 'n Status wat bepaal word in volgorde van belangrikheid of dringendheid.

1.3 'n Gedrag of oortuiging wat tipies is van 'n gemeenskap.

1.4 Die tyd van die jaar, gewoonlik tydens die skoolvakansies, wanneer die grootste getal toeriste 'n gebied besoek.

1.5 Iemand wat ander mense se vakansies beplan, organiseer, en die besprekings daarvoor doen.

1.6 'n Program waarin 'n persoon indiensopleiding ondergaan en tegelykertyd studeer.

1.7 'n Persoon wat die verantwoordelikheid neem om 'n ander persoon se skuld te betaal.

1.8 Om deur middel van korrespondensie te studeer, byvoorbeeld deur UNISA.

1.9 Die amptelike departement wat inkomende goedere en bagasie hanteer.

1.10 'n Inspuiting om te voorkom dat iemand 'n siekte opdoen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Luukse-ervaring het te doen met attraksies wat 5-sterverblyf en -fasiliteite aanbied.

2.2 Om 'n reiservaring te hê is een van die kategorieë vir toeriste-attraksies.

2.3 Bemarking word gebruik om produkte en dienste te verkoop.

2.4 'n Veldtog is 'n georganiseerde handelswyse vir 'n spesifieke doel.

2.5 Vloerdiens is 'n plek waar gaste of kliënte aanmeld wanneer hulle by 'n hotel aankom.

2.6 Omset is die hoeveelheid geld wat in 'n onderneming gemaak word.

Kopiereg voorbehou

2.7 'n Internasionale reisiger verwys na enige persoon wat in die land woon wat na enige bestemming binne sy/haar eie land reis.

2.8 Ontspanning behels om dinge vir pret en plesier te doen.

2.9 Die onderneming se doel is om hierdie groep mense, bekend as die teikenmark, na die besigheid te lok.

2.10 Vrede-soekers is mense wat dit geniet om dinge vir pret en plesier te doen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gebruik die inligting hier onder om die tabel te voltooi. Skryf slegs die antwoord, uit die lys, langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

Markteater	Bela-Bela-ontspanningsoord	Basotho Kulturele Dorpie	Aasvoël-restaurant ('Vulture Restaurant')
Makhado	Majuba-heuwel	Vaaldam	Kaapstad
Vredefort-koepel	Robbeneiland	Johannesburg	Ushaka-marinewêreld
Bakone Malapa-opelugmuseum	Durban	Hugenote-monument	Bloemfontein
In Darling	Museum Afrika	Nasionale Krugerwildtuin	Umgeni-rivier

PROVINSIE	**STAD**	**NATUURLIKE ATTRAKSIE/ WÊRELD-ERFENISGEBIED**	**MENS-GEMAAKTE OF KULTURELE ATTRAKSIE**	**SPESIALE VERMAAKLIK-HEIDS- OF SPORT-GEBEURTENIS**
Vrystaat	3.1	3.6	3.11	3.16
Gauteng	3.2	3.7	3.12	3.17
KZN	3.3	3.8	3.13	3.18
Wes-Kaap	3.4	3.9	3.14	3.19
Limpopo	3.5	3.10	3.15	3.20

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 4

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Individuele toeris	A	reis in sy/haar eie land
4.2	Inkomende toeris	B	verlaat Suid-Afrika om 'n ander land te besoek
4.3	Uitgaande toeris	C	tref sy/haar eie reisreëlings
4.4	Binnelandse toeris	D	kom na Suid-Afrika van 'n ander land af
4.5	Ekotoeris	E	reis vir een dag buite sy/haar eie land
		F	besoek natuurlike attraksies soos botaniese tuine

(5 × 1) (5)

4.6 Noem enige VYF loopbaangeleenthede in die toerismebedryf. (5)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5

5.1 Omskryf die term *ekonomiese groei*. (3)

5.2 Gee SEWE kenmerke van goeie vervoer vir toeriste. (7)

5.3 Noem, en verduidelik, die DRIE hoofsektore van toerisme. Gee 'n voorbeeld van elkeen. (3 × 3) (9)

5.4 Gee VYF rolle en funksies van die Assosiasie van Suid-Afrikaanse Reisagente ('ASATA'). (5 × 2) (10)

5.5 Omskryf die term *geldeenheid* ('currency'). (1)

5.6 Gee VYF negatiewe uitwerkings van toerisme op die omgewing. (5)

5.7 Gee VYF maniere waarop die behoeftes/ervaring van 'n toeris verbeter kan word. (5)

Kopiereg voorbehou

5.8 Onderskei tussen die volgende:

5.8.1 Inkomende toeroperateur ('Inbound tour operator')

5.8.2 Uitgaande toeroperateur ('Outbound tour operator')

(2 × 2) (4)

5.9 Gee SES voorbeelde van gedrukte inligtingsbronne. (6)

[50]

VRAAG 6

6.1 Gee VYF van die algemeenste redes hoekom klante ongelukkig is met dienste. (5 × 2) (10)

6.2 Verduidelik die volgende soorte toeriste-attraksies:

6.2.1 Natuurlik

6.2.2 Histories

6.2.3 Plaaslike ervaring

(3 × 2) (6)

6.3 Dekodeer die volgende akronieme en afkortings:

6.3.1 'FEDHASA'

6.3.2 BLO ('CAA')

6.3.3 'RETOSA'

6.3.4 'SACCC'

6.3.5 'TLC'

(5 × 1) (5)

6.4 Noem die VYF stadiums van die produklewensiklus, en beskryf elke stadium kortliks. (5 × 2) (10)

6.5 Omskryf die volgende terme:

6.5.1 Toeris

6.5.2 Marksegmentering

(2 × 2) (4)

6.6 Noem enige VYF sektore van die gasvryheidsbedryf. (5)

6.7 Hoe moet werkgewers reageer wanneer klante oor swak diens kla? (5 × 2) (10)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Omskryf die term *toerisme*. (3)

7.2 Noem die provinsie waarin elk van die attraksies hier onder aangetref word, en gee ook die hoofstad van elk van hierdie provinsies.

7.2.1 Isimangaliso-vleilandpark

7.2.2 Die Victoria en Alfred Waterfront

7.2.3 Nasionale Addo-olifantpark

7.2.4 Die Groot Gat

7.2.5 Sun City

(5 × 2) (10)

7.3 Gee enige VYF vrae wat jy aan 'n toeris sal vra ten einde sy/haar behoeftes te identifiseer. (5)

7.4 Gee VYF redes hoekom mense reis. (5)

7.5 Beskryf hoe die reis- en toerismebedryf met betrekking tot die volgende tot ekonomiese groei bydra:

7.5.1 Werksgeleenthede

7.5.2 Inkomsteskepping

7.5.3 Bevordering van kulturele bewustheid

(3 × 3) (9)

7.6 Beskryf kortliks die rol van Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT). (3)

7.7 Dui aan of die items hier onder onder die PRIVATE sektor of die OPENBARE sektor val. Skryf slegs 'private' of 'openbare' langs die vraagnommer (7.7.1–7.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.7.1 Spysenieringsdienste

7.7.2 Handwerkwinkels ('Craft shops')

7.7.3 Hawes en lughawes

7.7.4 Departement van Binnelandse Sake

7.7.5 Koeriers

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

7.8 Verduidelik die verskil tussen *inkomende* ('inbound') toerisme en *uitgaande* ('outbound') toerisme? (2 × 2) (4)

7.9 Wat is die beskikbare opsies vir die finansiering van Toerismestudies? (4)

7.10 Wat is die verskil tussen 'n *hotel* en 'n *lodge*? (2 × 1) (2)
[50]

VRAAG 8

8.1 'Toerisme word dikwels gesien as die wonderkuur vir Suid-Afrika se ekonomiese probleme'.

Gee VYF redes hoekom toeriste Suid-Afrika besoek. (5 × 2) (10)

8.2 Omskryf die term *volhoubare toerisme*. (2)

8.3 Gee VIER sleutelfunksies en -rolle van 'n provinsiale toerismedepartement. (4)

8.4 Noem VYF plekke waar inligting oor verskillende toeriste-attraksies ingewin kan word. (5)

8.5 Noem die VIER hoof- funksionele areas binne die gasvryheidsbedryf. (4)

8.6 Noem, en verduidelik, die VYF faktore wat volhoubare toerisme ondersteun. (5 × 2) (10)

8.7 Dui die soort toerisme aan wat deur elk van die volgende verteenwoordig word:

8.7.1 Reis na of besoek historiese of industriële terreine.

8.7.2 Reis na of besoek terreine wat met dood en lyding verband hou.

8.7.3 Besoek wynboustreke, wingerde, wynkelders, proekamers en wynfeeste met die doel om wyn te drink of te koop.

(3 × 1) (3)

8.8 Verduidelik die verskil tussen *natuurlike* hulpbronne en *mensgemaakte* hulpbronne, en gee 'n voorbeeld van elkeen. (2 × 2) (4)

8.9 Verduidelik hoekom dit belangrik is om diensstandaarde in die toerismebedryf te verbeter. (3)

8.10 Gee VYF faktore wat die gasvryheidsbedryf negatief beïnvloed. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou